

U moet Aanhangsels A en B van hierdie skrywe vir verdere inligting hou, maar moet asseblief Aanhangsel C aan die skool volledig voltooi, onderteken en terugstuur.

Aanhangsel A

SKOOLFONDS - HOËRSKOOL DE AAR– 2016

Hierdie skrywe bevat baie belangrike inligting en u as ouer of wettige voog moet dit baie noukeurig deurlees, die onderneming gemerk Aanhangsel C volledig voltooi, onderteken en op Maandag 16 November 2015 terugstuur.

- 1.1 Voltooi asseblief die onderneming én erkenning van ontvangs (Aanhangsel C) baie volledig, teken en stuur dit aan ons terug om ons nie later as Maandag 16 November 2015 te bereik nie. ‘n Aparte vorm moet vir elke kind verbonde aan Hoërskool De Aar voltooi word. Versuim om die vorm betyds in te handig, sal tot gevolg hê dat u kind nie op 13 Januarie 2016 tot die Hoërskool De Aar toegelaat sal word nie weens onvoltooide dokumentasie. Ons kan nie ons stelsel opdateer sonder u samewerking in hierdie verband nie.
Die inligting op Aanhangsel B bevat wetlike aspekte wat baie sorgvuldig bestudeer moet word.
- 1.2 Die skoolfonds vir 2016 is as volg:
R980,00 per leerder per maand vir 10 maande (eerste betaling teen 7 Februarie 2016, laaste betaling teen 7 November 2016).
R2 450,00 per leerder per kwartaal.
R9 600,00 per leerder per jaar indien die volle bedrag betaal word voor 28 Februarie 2016. Daarna word ‘n toeslag van R200,00 vir afbetaling bygevoeg, d.w.s. R9 800,00 vir die jaar.
U as ouer(s) besluit self hoe u gaan betaal. Die keuse wat u hier gaan uitoefen, sal bindend wees vir opvolgdoeleindes. (SKOOLFONDS IS VOORUITBETAALBAAR.) 2% Rente per maand op saamgestelde bedrae sal gehê word vanaf 1 Maart 2016 (30 dae agterstallig).
- 1.2.1 Indien u maandeliks gaan betaal, is die eerste paaiement voor 7 Februarie 2016 betaalbaar. Die totale skoolfonds moet teen 7 November 2016 ten volle betaal wees. Vooruitgedateerde tjeks kan by die skool ingehandig word.
- 1.2.2 Indien u kwartaalliks gaan betaal, moet dit binne die eerste veertien dae van die nuwe kwartaal geskied.
- 1.2.3 Indien u verkies om voor 28 Februarie 2016 ‘n eenmalige betaling te maak, is R9 600,00 per leerder betaalbaar. Daarna word ‘n toeslag van R200,00 vir afbetaling bygevoeg, d.w.s. R9 800,00 vir die jaar.

1.2.4 SKOOLFONDS IS VERPLIGTEND EN AFDWINGBAAR

2. INVORDERING VAN SKOOLFONDS

- 2.1.1 U is bewus daarvan dat skoolfonds afdwingbaar by Hoërskool De Aar is, tensy u kwalifiseer vir volle vrystelling. Beskou hierdie skrywe as **skriftelike kennisgewing** dat u geregtig is om aansoek te doen vir moontlike vrystelling van skoolfonds. Vorms wat **u persoonlik** moet afhaal vir onmiddellike voltooiing, is vanaf 13 Januarie 2016 by me Myburgh beskikbaar. Die volledig voltooide dokumentasie moet die skool voor / op 1 Februarie 2016 bereik.
- 2.1.2 Sodra u rekening in enige stadium gedurende die jaar ‘n **90 dae (3 maande) uitstaande posisie** bereik, sal die nuwe proses met betrekking tot invordering in werking gestel word. (Sien aangehaalde gedeelte – paragraaf 3 – Aanhangsel B). Alle wetlike voorskrifte sal uitgevoer word tot en met die oorhandiging van u rekening aan ons regsverteenvoerders.
- 2.1.3 Sodra hierdie proses begin is, sal **GEEN** skriftelike of telefoniese reëlins óf beloftes aanvaar word nie. Tref dus reeds in Januarie 2016 die nodige **SKRIFTELIKE** reëlins vir die gereelde betaling van u kind(ers) se skoolgeld om oorhandiging te voorkom. Rig u skrywe aan: Die Skoolhoof, Hoërskool De Aar.
- 2.1.4 Aangesien u hierdie dokument onderteken, verklaar u dat u die inhoud hiervan verstaan en erken u ook ontvangs hiervan. Vir enige verdere navrae of onduidelikheid, kontak me Myburgh by 053 - 631 3691 of besoek haar daaglik tot 13:00 by die skool.

3. FINANSIËLE HULP SKOOLFONDS - HOËRSKOOL DE AAR

Hierdie afdeling bevat baie belangrike inligting en u as ouer of wettige voog moet dit baie noukeurig deurlees, die erkenning van ontvangs gemerk Aanhangsel C voltooi en op Maandag 16 November 2015 terugstuur.

“ ‘n Ouer of wettige voog is aanspreeklik vir die betaling van skoolgeld ingevolge Artikel 39, tensy en tot die mate waarin hy of sy van betaling vrygestel is kragtens die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996.

‘n Openbare skool kan die betaling van skoolgelde deur ouers, wat ingevolge Artikel 40 daarvoor aanspreeklik is, deur regsproses afdwing, nadat dit vasgestel is dat die ouer nie ingevolge die Wet kwalifiseer vir vrystelling van betaling van skoolgelde nie.

‘n Openbare skool kan optree indien –

- (a) die skool bewys kan verskaf van ‘n skriftelike kennisgewing aan die ouer wat per hand of geregistreerde pos gelewer is en dat die ouer versuim het om vir vrystelling aansoek te doen soos in Artikel 39 beoog, en
- (b) ondanks die kennisgewing in paragraaf (a) beoog, die ouer versuim om die skoolgelde te betaal na ‘n tydperk van drie maande na datum van kennisgewing.”

DUS, as u finansiële bystand verlang, moet u van die volgende belangrike inligting kennis neem:

- 3.1 **Slegs ouers of wettige voogde kan ’n skrywe aan die voorsitter van die SBL rig waarin hulle aansoek doen om vrystelling van skoolfonds.** Dit kan beteken algehele, gedeeltelike, voorwaardelike of geen vrystelling. ‘n Departementele vorm (Bylae B) sal dan **aan u persoonlik** voorsien word. Die vorm (Bylae B) moet baie volledig voltooi word. Dit is baie belangrik dat al die nodige bewyse / dokumente u aansoek vergesel.
- 3.2 Daar moet vir elke nuwe skooljaar aansoek gedoen word.
- 3.3 Die SBL kan nie u aansoek afhandel indien die vorms onvolledig is of as die nodige bewyse / dokumente nie aangeheg is nie.
- 3.4 U sal ook ‘n Bylae A ontvang wat u as aansoeker in die teenwoordigheid van die Skoolhoof moet voltooi en wat albei dan moet onderteken. Die oorspronklike vorm bly by die skool en ‘n afskrif word aan die Departement van Onderwys gestuur.
- 3.5 **Ouers / wettige voogde moet al die nodige vorms self** by die skool kom afhaal, volledig voltooi en terug besorg. Volledig voltooide vorms, met die nodige stawende dokumentasie, moet teen **MAANDAG 1 FEBRUARIE 2016** by Hoërskool De Aar ingehandig word.
- 3.6 Die SBL sal die aansoek ondersoek en u binne 30 dae skriftelik van hul besluit verwittig.

BELANGRIKE KENNISGEWING:

Indien u vir skoolfondsvrystelling wil aansoek doen, **MOET** Aanhangsel C nog steeds **VOLLEDIG VOLTOOI**, geteken en aan die skool teruggestuur word.

Voltooi hierdie bladsy volledig en stuur terug aan Hoërskool De Aar op Maandag 16 November 2015.
‘n Aparte vorm moet vir elke kind verbonde aan Hoërskool De Aar voltooi word.

NAAM VAN LEERDER _____ GRAAD _____

4.1 BESONDERHEDE VAN BEIDE OUERS / WETTIGE VOOGDE wat verantwoordelik is vir die betaling van die kind(ers) se skoolfonds. Hierdie inligting MOET ooreenstem met die dokumentasie en inligting voorsien op die kind(ers) se aansoekvorm tot die skool insake die persoon wat verantwoordelikheid vir die skoolfonds aanvaar.

MNR (Voorletters en van)	ID. No.
MEV (Voorletters en van)	ID. No.
STRAATADRES: (Heg bewys van fisiese adres aan – VERPLIGTEND)	
POSADRES: (Indien nie dieselfde as straatadres nie)	
WERKGEWER & WERKSADRES: (Vader)	
WERKGEWER & WERKSADRES: (Moeder)	
KONTAKBESONDERHEDE: E-pos:	
Werk: (Vader) Kode ()	Nommer:
Werk: (Moeder) Kode ()	Nommer:
Huis: (Vader) Kode ()	Nommer:
Huis: (Moeder) Kode ()	Nommer:
Selfoon: (Vader)	Selfoon: (Moeder)

VOLLE NAME EN VANNE VAN BROER(S) EN / OF SUSTER(S) BY HOËRSKOOL DE AAR

VAN	VOLLE VOORNAME	GEBOORTE-DATUM	GRAAD	KLAS (SEKSIE)

4.2 Voltooi asseblief die onderstaande:

Ek/Ons _____ ouer(s) / wettige voog(de) van _____
(DRUKSKRIF – NAAM EN VAN) (NAAM EN VAN VAN LEERDER)
onderneem om die skoolfonds vir 2016 soos volg te betaal: (Dui aan met ‘n kruisie (x).)

	10 maandelikse paaieimente van R980,00 per maand – voor die 7de van elke maand
	4 kwartaallikse paaieimente van R2 450,00 per kwartaal – tweede week van nuwe kwartaal
	Eenmalige paaieiment van R9 600,00 <u>voor</u> 28 Februarie 2016, daarna R9 800,00

4.3 ONDERNEMING EN VERKLARING DEUR OUER(S) / WETTIGE VOOG(DE)
(U AS OUER(S) / VOOG(DE) IS VERPLIG OM HIERDIE DOKUMENT AAN DIE SKOOL TERUG TE STUUR).

Ek/Ons, _____, synde die ouer(s) / wettige voog(de) van _____
(DRUKSKRIF – NAAM EN VAN) (NAAM EN VAN VAN LEERDER)

soos bo-aan hierdie bladsy genoem, aanvaar hiermee my finansiële verpligtinge teenoor Hoërskool De Aar en onderneem om dit stiptelik uit te voer. Ek verklaar ook dat ek die inhoud van hierdie skrywe, Aanhangsels A, B en C, verstaan en erken ook ontvangs hiervan.

GETEKEN TE DE AAR OP ____/____/20____.

HANDTEKENING VAN OUER(S) / WETTIGE VOOG(DE)